

Saterdag 9 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 89

Fokusgedeelte: Psalm 89:36-38

Die Here se verbondstrou en –liefde vergaan nie

Dit voel soms vir die mens asof die Here in sy verbondstrou teen hom gedraai het. Waarskynlik worstel Etan van Juda ook hiermee. Moontlik het ons hier die wegvoering van Juda in ballingskap tydens koning Jojagin se regering. Dit lyk of die Here sy verbondstrou teenoor die koningslyn van Dawid verbreek het.

Tog gryp die digter aan die Here se verbond vas, sy trou en liefde. Hy verwys vier maal na die verbond, ses maal na die Here se verbondsliefde (*geset*) en nege maal na sy verbondstrou (*emet*) terwyl hy 13 maal die Naam Jahwe, die Verbondsnaam, gebruik.

Te midde van al hierdie skynbare verbondsverlating van die Here, hou Etan steeds vas aan sy verbondsbeloftes. Hy herinner Hom selfs daaraan dat Hy 'n eed afgelê het dat Hy sy woord teenoor Dawid nie sal verbreek nie (vs 36).

Dit lyk met die verwoesting van Jerusalem asof die Here se verbondstrou en –liefde opgehou het om 'n ewige koninkryk te kom vestig. Dit is egter nie waar nie. Dis opvallend dat Matteus wat sy Evangelie vir die Jode skrywe, tydens die geboorte van Jesus Christus met 'n geslagsregister begin. En waar begin hy? “*Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die Seun van Abraham*” (1:1). Hy begin by die verbondshoof Abraham. God het sy verbond met Dawid nie vergeet nie! Trouens, Hy sal eerder sy eie Seun vergeet en teen Hom draai aan die kruis, as om van sy onverganklike verbondstrou en –liefde te vergeet. Dis sy onbreekbare verbondsbeloftes wat Christus in ons plek laat sterf.

Ons besef dit nie altyd nie, maar Kersfees is een stuk verbondstrou en –liefde teenoor sy kinders. As dit nie vir sy verbond met Dawid en die “Seun van Dawid” was nie, sou Kersfees nie moontlik wees nie.

As die wêreld so stukkend om ons is, ons dikwels so worstel met die pyn van hierdie lewe, dan herinner Kersfees ons dat God tog die God is van liefde en trou. Dat Hy deur Jesus Christus met ons 'n ewige genadeverbond gesluit het wat Hy nooit as te nimmer sal verbreek nie.

Laat ons in donker dae hieraan vashou: Die HERE se onverganklike verbond, sy onverganklike liefde en trou in Jesus Christus vir elkeen wat in Hom glo!

Sing: Psalm 89:2, 14

Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)